# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 50** **Nr 29** **31 Augustus 2025**


## Die Here bewaar

*Die Here bewaar jou uitgang en jou ingang* (Ps121)

Die afgelope week was vir ons as gemeente een van baie hartseer. Binne 24 uur word drie lidmate skielik uit ons midde weggeruk en dan boonop is daar nog die talle siekes waarvan sommige baie ernstig is.

Nie alleen is daar Sondag twee lidmate wat met hartprobleme sterf nie, maar Maandagoggend sterf die jonge suster Melinda op haar verjaarsdag in 'n motorongeluk en haar man Liam Pilkington beland in 'n kritieke toestand met veelvuldige kop en rugbeserings, in die hospitaal. Om die donker prentjie nog te vererger begrawe ds Lourens sy oom die afgelope week nadat hy deur ’n vragmotor in Pretoria omgery is!

En tog sien ons dat die digter van Ps 121 bely dat dit alles nie toevallig plaasgevind het, omdat die Here dalk sou slaap of sluimer nie. Nee, Hy is soos die skadu aan ons regterhand.

Hy bewaar ons nie maar net VAN die dood nie maar ook IN die dood. Hy, die Bewaarder van Israel, laat niks toevallig oor ons kom nie.

So skryf die digter dat God ons uitgaan en ingaan beheer. Eerstens dui dit gewoon op ons daaglikse lewensgang - jy gaan uit om te werk of te leer, en keer weer terug huistoe na 'n bepaalde tyd. En Hy, die almagtige God en Here, Hy sorg vir jou.

Maar as ons na die volgorde van die twee woorde kyk, dan sien ons dat die Here ook in ons UITGAAN uit hierdie lewe die enigste sê het, en dat juis Hy bepaal wat daarna, dws in die dood, met ons gebeur.

Jesus se '*uitgang*' wat Hy in Jerusalem kom voltooi het (Luk 9:31), kom gee aan *ons uitgang uit die lewe* sin, sodat ons nou kan 'ingaan' in die hemelse heerlikheid.

So bewaar Hy ons uitgaan én ons ingaan, om ewig by die Vader te wees. En so word die hartseer van die afgelope week, beperk deur die heerlike wete dat ons verlies hul wins is.

Mag die Here wat die dood oorwin het, uit die hoë hemel deur die Heilige Gees aan elke bedroefde hart sy lieflike troos en bystand gee.

Ds Maarten

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 19, Ps 105:5 Volgende week: Les 20, Ps 145-1:1

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas. *(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## KOLLEKTES

| | |
|---|---|
| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Transoranje Instituut** (by die deure) |
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Sustentasiefonds** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 31-Aug | Erich | Jacobs | C14 | 0828999176 |
| 01-Sep | Rina | Burger | C06 | 0828538215 |
| | Luitha | Buys | C04 | 0722030024 |
| | Leonie | Nagel | C10 | 0844072196 |
| | Hein | Venter | C06 | 0833576141 |
| 02-Sep | Megan | Gentle | B01 | 0725944278 |
| | Danie | Rheeders | B05 | 0822566028 |
| | Corné | Smuts | A18 | 0828899691 |
| | Martin | Venter | B02 | 0832608041 |
| 04-Sep | Erhardt | Dorfling | A11 | 0626803230 |
| | Elizma | Duvenage | C08 | 0827896446 |
| | Paul | Grobler | C07 | 0826881445 |
| | Hannes | Holtzhausen | C05 | 0834128969 |
| 05-Sep | Rozanne | Groenewald | A17 | 0828195947 |
| | Dalene | Maritz | C04 | 0822985428 |
| | Philip | Schutte | B02 | 0827786397 |
| | Lizel | Smith | B10 | 0824191635 |
| | Lydia | van Rooyen | B10 | 0828569450 |
| 06-Sep | Erich | Coetzee | C07 | 0825685915 |
| | Jan | Viljoen | C02 | 0823378351 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 31-Aug | Ané | vd Walt | A08 | 0605421769 |
| 02-Sep | Gretha | Grimsehl | C09 | 0732595552 |
| 03-Sep | Mikko | vd Walt | C15 | 0723052323 |
| | Troy | v Staden | A15 | 0761067724 |
| 04-Sep | Lisa | v Biljon | A16 | 0729223393 |
| 05-Sep | Haley | Terblanché | B02 | 0799388359 |
| 06-Sep | Francois | Jacobs | B14 | 0833567597 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Hester Enslin sterk aan in Greentree stepdown (C2 - 063 624 9255).
- Joshua Barnard sterk aan in Midstream hospitaal met inwendige bloeding (B11 - 078 881 8140).
- Leendert Wattel sterk tuis aan na 'n skoueroperasie (A12 – 082 415 4611).
- Pieter Pretorius sterk aan in Kalafong hospitaal na 'n hartaanval (B10 – 060 113 7521).
- Voorbidding word gevra vir Liam Pilkington wie baie ernstig beseer is in 'n gru-ongeluk waarin sy vrou, Milinda oorlede is. Hy sterk tans aan in Milpark-hospitaal (E01 - 072 245 0068).
- Meelewing word betuig met:
  - Familie en vriende van Gerrie Smit wat gedurende die week oorlede in begrawe is.
  - Rudy en Helene Kruger en familie na die afsterwe van Lillian Koekemoer, Rudy se moeder wat gedurende die week oorlede en begrawe is.
  - Liam Pilkington en familie na die afsterwe van Milinda gedurende die week. Begrafnisreëlings is nog nie bekend.
  - Ds. Lourens en Sanmari Venter en familie sowel as Lou Venter na die afsterwe van Lou se neef, ds. Lourens se oom.
  - Helgard en Toekie Meyer en familie na die afsterwe van Helgard se broer.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
Student Marno Hermann

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

Emmertjies **Wateroplosbare kunsmis** 750gr @ R100 nou beskikbaar. WApp Susan 072 124 1076 Monumentsig Aftree-oord en reël vir afhaal.

**PF Wolmarans Prokureurs** - Opstel van testamente, boedel-bereddering, registrasie van huis-oordragte. Dit is die verkoper se prerogatief om die prokureur aan te stel. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Ervare liefdevolle versorger** beskikbaar vir bejaarde of hulpbehoewende familielid. Bereid om enige plek in SA te werk. Skakel Ann Forbes 072 335 9273 vir meer besonderhede.




### Diakonie-fondsinsameling

Jubeljaar knipmesse @ R100 elk

Jubeljaar goue en silwer lepels @ R50 elk

Droëwors 400g @ R100

Skakel diaken Kobus Joubert – 0798738219

## Wyse Gryses

DV, **1 September**

om **10h00** in die **kerksaal**



Omdat dit tradisioneel Lentedag is, gaan Linda Scholtemeijer, 'n tuinboukundige, ons meedeel wat ons nou in die tuin kan doen en wil sy ook graag julle vrae beantwoord.

Om die dag kleurryk te maak, trek iets kleurryk aan en sit jou sonhoed of pet op jou kop!! Versier dit met blomme, of sit net 'n blom in jou hare!!

Kom verwelkom die Lente vrolik saam!!

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**31 Aug**

Corlia van Biljon (sameroeper)

Graad 5



**07 Sept**

Karen Kirsten (sameroeper)

Graad 6

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan GK Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in ’n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgings-fasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met ‘n tuin. Die prys is R525 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Okt 2025. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R899. Die inwoner is ook verantwoordelik vir die kraggebruik en munisipale heffings.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 15 Sept 2025**









## Mentor Opleiding

**GK Centurion**

Donderdag **25 September**

**18:00 – 20:00**

Crossroads Prison Ministries is ‘n evangelisasie aksie waar ‘n sendeling tronke besoek en studente werf wat weekliks ‘n les uitwerk wat aan ‘n administratiewe kantoor gestuur word. By die kantoor word die lesse aan mentors uitgedeel wat daardeur werk, korrigeer wat verkeerd is en opbouende kommentaar byskryf. Die mentor skryf ook ‘n motiverende brief aan die student.

Daar is ‘n administratiewe kantoor by GK Centurion. ‘n Lidmaat van GK Centurion gaan haal die lesse by Leeuwkop Gevangenis waarna dit gementor en weer teruggeneem word.

Daar is ± 12 lidmate van GK Centurion en GK Rietvallei asook ± 8 van GK Lyttelton wat mentors is. **Ons benodig dringend nog mentors**.

Kontak ons asseblief indien u belangstel om ‘n mentor te word, of net meer inligting wil bekom.

**Ronell  083 292 3534 of Hannie 082 780 3653**

# Jubelkamp

## 12-14 September 2025

## <u>Inligting</u>

**<u>Naweek Spyskaart:</u>**

***Vrydagaand : ±18:00***
Boere worsrolle met tamatiesmoor
**Daar sal vure wees vir die lidmate wat nog 'n vleisie wil braai*

***Saterdagoggend: ±07:00***
Muffins

***Saterdag Brunch: ±12:00***
Bou-'n-Burger

***Saterdagaand: ±18:00***
Braai met Pastaslaai (Vleis = Skaap en Bees)
Ouma se ingelegde geelperskes met Vla

***Sondagoggend: ±07:00***
*Muffins*

***Sondag Brunch: ±11:00***
Hoender *Prego's* (suurlemoen & kruie)

***<u>Neem Kennis</u>** – Enige spesiale dieetkos of dieetvoorkeure moet saamgebring word.

***<u>Wat word voorsien?</u>***

- Vure,
- Braaiers,
- Alle kos soos op spyskaart.

***<u>Wat moet saamgebring word?</u>***

- Bybel en Psalmboek.
- Kampstoel (die wat in huisie bly bring ook kampstoele).
- Eie koffie en tee (vir die oggende saam met *muffins*).
- Elke gesin bring 'n slaai vir Saterdagaand-braai, wat op gesamentlike slaaitafel sal wees.
- Eie eetgerei.
- Braaitange en braai speserye.
- Peuselhappies.
- Eie drinkgoed en ys.

# Liturgiese Riglyne

## S O N D A G O G G E N D 09:00

## By die gemagtigde "Gerigsvoltrekker" is ek werklik veilig en is ek waarlik vry!

**Skriflesing:**
Johannes 8:1-11
(2020)

**Teksvers:**
Johannes 8:11

**Sing:**
Ps 40:2, 3, 5
Sb 7-2:1, 2
Ps 77:5, 6
Ps 4:2, 3, 4
Sb 13-3

**Prediker**: Dr Douw Breed

**Inleiding:** Die vrou voor Jesus is skuldig – daaroor is geen twyfel nie. Haar beskuldigers is ook skuldig – daaroor is ook geen twyfel nie. Sy én hulle verdien God se oordeel.

**Jesus skryf die eerste keer op die grond**
Die beskuldigers stap net weg. Hulle doen nie selfondersoek nie!
Gee gehoor, gelowige, as jy tot selfondersoek gelei word.

**Jesus skryf die tweede keer op die grond**
Die beskuldigde loop nie weg nie. Sy bly by Jesus.
Selfondersoek moet die regte koers aandui!

**Jesus gee die uitspraak**
- Hy gee as "*Gerigsvoltrekke*r" uitspraak
- Sy uitspraak dra volle gesag en bied ware vryheid

## S O N D A G A A N D 18:00

## Sondebesef lei tot'n dankbaarheidslewe

**Skriflesing:**
Efesiërs 2:1-10
(2020)

**Teksvers**:
Efesiërs 2:1 en 5

**Sing:**
Ps 47:2,4
Ps 66:1,6
Sb 5-4:1,2,5,6
Ps 40:1.2,5
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Paul vd Berg

Efesiërs 2:1-10 is 'n besondere perikoop wat handel oor die mens se sonde, sy verlossing in en deur Jesus Christus asook die verloste mens se lewe van dankbaarheid.

Hierdie drie-deling kom ook in Romeine en ander boeke in die Bybel voor. Dit word verder gebruik in die Heidelbergse Kategismus, die doop- en nagmaalformuliere.

Kom ons kyk weer nuut na die wonder-genade van die Here soos dit uiteengesit is in Efesiërs 2: 1-10. Verwonder jou weer opnuut oor die genade wat aan ons verkondig word in God se Woord, naamlik dat die Heilige Gees ons deur ons sondebesef lei tot 'n smag na verlossing deur Jesus Christus, wat dan uitvloei in 'n opregte dankbaarheidslewe.